

# PULA IMVUILA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



GRAIN SA  
GRAAN SA

SEPTEMBER  
2014

## Beplan vir die seisoen wat voorlê

Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende boere

Lees Binne:

- 03 | Graan SA voer 'n onderhoud met...Samantha Smiles
- 12 | Is produktiwiteit belangrik?
- 14 | Hou jou planter in stand vir optimale prestasie



**B**eplanning en voorbereiding is 'n paar van die belangrikste verantwoordelikhede van 'n boer. Deur dit te doen, kan ons help om 'n suksesvolle plantseisoen en hopelik 'n suksesvolle oes te verseker. Sekere dinge moet vooraf beplan word. Dit sluit in finansiële reëlings, grondontledings, bemestingsbestellings, saadbestellings, chemiese bestellings en brandstofbestellings. Daar is baie voordele daaraan om hierdie belangrike take vroeg in die voorseisoen te hanteer.

### Finansiële reëlings

Finansies is 'n belangrike vereiste in landbou. Maak nie saak waar die insetgeld vandaan gaan kom nie, ons moet begroot en bereken

om seker te maak dat ons besigheid winsgewend is.

Finansiering kan kom uit verskillende bronne soos koöperatiewe finansiering, bankfinansiering, regeringsfinansiering en in sommige gevalle, persoonlike kontant. Dit is belangrik om 'n verhouding te bou met die instelling waar jy jou finansiering vandaan kry. Maak seker dat jou vorige seisoen se skuld vinnig en ten volle afbetaal word. 'n Goeie geskiedenis is ongelooflik waardevol, veral in moeilike tye wanneer swak oeste behaal is. Jou betalingsgeskiedenis kan die beslissende faktor wees wat jou help om ander gewasse in die grond te sit, of veroorsaak dat jy moet oppak en na ander ondernemings moet gaan soek.





## OUMA JANE SÊ...

**E**k voel nie dikwels moedeloos oor die vestiging van ontwikkelende boere nie. Op die oomblik sukkel ons egter regtig daarmee om produksie finansiering vir boere te bekom.

Ons het gedetailleerde besigheidspanne voorberei vir boere wat goed vorder, maar ons slaag nie daarin om lenings vir hierdie boere te bekom nie. Hulle is opgelei en het goeie ondersteuning in die veld. Die Land Bank, wie se verantwoordelikheid dit eintlik is, het 'n aantal verskonings waarom hulle nie meer boere kan bystaan nie. Ons het onlangs 'n ontmoeting met baie senior personeel van die Land Bank in Centurion gehad en ons het leë hande teruggekeer – hulle erken dat hulle nie die kapasiteit het om 'n groot aantal aansoeke te hanteer nie en ook dat baie van hulle takke nie die “apty” daarvoor het nie. Hoe kan dit wees dat die Landbank nie die verantwoordelikheid neem daarvoor om die ontwikkelende sektor te finansier nie? Indien hulle dit nie doen nie, wie gaan dit doen?

Die agribesighede finansier sommige boere, maar daar is baie meer boere wat nie bygestaan word nie – hulle help sommige boere, maar ons moet onthou dat hulle winsgedrewe besighede is wat nie maklik risiko's neem nie. Hulle word ook beïnvloed deur die Nasionale Kredietwet wat hoë uitleen risiko bemoeilik. Die aandeelhouers van agribesighede kyk na die “kruks van die saak” en verwag wins – die ontwikkelende boere is dikwels 'n hoë uitleen risiko en daarom is hulle onwilligheid om fondse te voorsien, verstaanbaar. Die kommersiële banke help ook 'n paar boere, maar hulle uitleen kriteria is ook te streng.

Een van ons groot kunsmismaatskappye – Omnia – doen goeie werk om geld te leen aan boere teen 'n baie lae rentekoers. Dit is wonderlik en ek bid dat ander privaat maatskappye hulle voorbeeld sal volg sodat ons die sektor suksesvol kan transformeer.

Indie jy in 'n invloedsposisie is, help ons asseblief om die boodskap oor te dra – die tekort aan finansiering verhoed die sektor om die transformasie te bereik waarna ons streef. 🌱

## Beplan vir die seisoen wat voorlê

Indien jou finansiering vinnig hanteer word, sal dit jou toelaat om jou seisoen se bestellings vinnig en doeltreffend te prosesseeer.

### Grondontledings

Sodra die oes af is en oestyd verby is, is dit weer tyd om te kyk na die seisoen wat voorlê. Grondmonsters kan op 'n vroeë stadium geneem word, wat tyd toelaat om die samestelling van die grond te ontleed en te bestudeer watter grondvereistes daar is. Kunsmismaatskappye sal grondmonsters vir jou neem, of jy kan dit op jou eie doen en laat ontleed deur enige grondlaboratorium.

### Kunsmisbestellings

Die maatskappy wat jou grondontledings doen, sal jou resultate analiseer en jou dien-ooreenkoms 'n aanbeveling gee. As 'n boer is dit belangrik om 'n poging aan te wend om die resultate te verstaan en nie net te aanvaar wat ook al die rekenaaruiddruk is nie. Probeer om te verstaan waarom sekere elemente en minerale in die grond ontbreek. Vra vrae soos: Wat veroorsaak dit? Hoe kan ek verbeter? Wat beteken dit? Hoekom is daar 'n tekort aan hierdie of daardie?

Boere bewerk die grond; daarom moet hulle die grond, sowel as die samestelling daarvan verstaan. Sodra ons die aanbeveling ontvang het en verstaan wat ons grond nodig het vir die seisoen wat voorlê, kan ons ons kunsmisbestellings plaas. Hoe gouer dit gedoen word, hoe beter. Jy kan dikwels goeie pryse kry as jy vroeg bestel en jy sal ook tekorte vermy tydens die groot stormloop met planttyd.

### Saadbestellings

Wanneer die voorbereiding vir die seisoen wat voorlê gedoen word, moet ons beplan watter gewasse ons gaan plant. Die meeste boere volg die praktyk van wisselbou. Verskillende gewasse het verskillende vereistes, daarom is dit goed om die tipe gewas wat jy in 'n sekere land plant te wissel, om sodoende verskillende elemente te verwyder en by te voeg en nie net altyd een element nie.

Sodra jy bepaal watter lande met watter gewas aangeplant sal word, moet jy 'n paar berekeninge doen. Byvoorbeeld: hoeveel hektaar aangeplant sal word met mielies, sonneblom en sojabone. Sodra hierdie stap gedoen is, moet jy kyk na die verskillende variëteite op die mark wat beskikbaar is vanaf die verskillende saadmaatskappye.

Kry die hulp van 'n saadvertegenwoordiger om jou te help besluit watter kultivars die beste by jou omgewing sal pas. Moenie net die hulp van 'n verteenwoordiger vra nie, vra ook jou bure en ervare boere wat 'n goeie rekord het en wat weet wat werk en wat nie werk nie.

Sodra jy weet wat jy gaan plant en hoeveel, moet jy bepaal hoeveel sakke jy moet koop met behulp van die berekening van die hoeveelheid saad wat jy gaan plant en hoeveel pitte in 'n sak is. Indien saad vroeg gekoop word, sal dit ook help om tekorte naby planttyd te vermy en sal ook soms 'n bietjie goedkoper wees.

### Chemiese bestellings

'n Goeie chemiese program is noodsaaklik in enige verbouingsoperasie. 'n Program kan lank vooruit beplan word en sal bepaal word deur watter gewas jy plant en watter kultivar jy plant. Byvoorbeeld: as jy mielies plant wat Roundup Ready is, sal dit noodsaaklik wees om Roundup produkte in te sluit in jou spuitprogram. Wanneer dit kom by bespuiting, is dit altyd belangrik om te leer uit jou vorige jare se foute en altyd hard te werk om jou lande so skoon as moontlik te hou. As jy 'n probleem gehad het met watergras in die vorige jaar, moet jy kyk daarna om iets in jou program in te sluit wat hierdie probleem sal verminder. Skoon lande dra grootliks by tot 'n goeie oes.

### Brandstofbestellings

Dit is meer waarskynlik dat die brandstofprys sal toeneem as afneem indien ons kyk na onlangse tendense. Daarom, as jy stoorplek op die plaas beskikbaar het, sal dit 'n goeie idee wees om te bestel en voorraad brandstof op te bou voor die plantseisoen. Jy kan 'n beduidende besparing te weeg bring.

Om vandag 'n goeie boer te wees, beteken dat ons nodig het om te ontwikkel saam met die tye en deurlopend te werk aan die verbetering van ons praktyke, ten einde ons produksie te verbeter. Navorsing en beplanning kan 'n groot rol speel in die ontwikkeling van 'n suksesvolle boerdery. Soos die bekende spreekwoord sê; “As ons misluk om te beplan, beplan ons om te misluk.” 🌱

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [gavmat@gmail.com](mailto:gavmat@gmail.com).**



# Graan SA voer 'n onderhoud met...

## Samantha Smiles



**S**amantha Smiles is 'n ontwikkelende boer van die Overberg-streek in die Wes-Kaap. Samantha het haar doelwit daarop gestel om 'n suksesvolle kommersiële boer te word en 'n rolmodel te wees vir jong potensiële boere van Suid-Afrika.

### Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer tans op 87 ha landbougrond in die Elim-gebied binne die Kaap Agulhas Munisipale distrik. My boerderykommoditeite is skape, varke, beeste, sowel as graan vir voedingsdoeleindes.

### Wat motiveer/inspireer jou?

Wat my elke dag inspireer, is om die gewasse te sien groei en hoe dit 'n produk word wat die nasie bietjie vir bietjie kan voed. Die klein bydrae wat ek kan maak om te verseker dat landbou aantreklik word vir die toekomstige generasie en om seker te maak dat die jeug van vandag leiers in landbouontwikkeling word.

### Beskryf jou sterk en swakpunte

**Sterkpunte:** Passie, toewyding en ek is baie hardwerkend.

**Swakpunte:** Gebrek aan kennis op sekere gebiede met betrekking tot landbouproduksie van graan.

### Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Ek het nog nie geoes vir wins nie, maar het in plaas daarvan die voer gebruik vir die verhoogde produksie van vee. My voornemende haweropbrengs vir die toekoms is 2,8 ton/ha.

### Wat dink jy is die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Die grootste bydraer tot my vordering is die studiegroepe wat ek bygewoon het. Dit is nie net inligtingsessies nie, maar ek vind ook dat verskillende boere inligting deel oor die boerderyprosesse wat op 'n daaglikse basis op hulle plase plaasvind.

### Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sal jy graag nog wil doen?

Ek het finansiële opleiding ontvang om te verseker dat ek boer vir wins, asook om volhoubaar te wees. Die opleiding wat ek nog wil doen, is diereproduksie vir skape en varke en ek wil ook leer hoe om te ploeg.

### Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sal jy graag wil bereik?

Oor vyf jaar sien ek myself as 'n suksesvolle kommersiële boer. Ek wil graag 'n rolmodel vir al die jongmense wees wat graag wil boer. Ek wil ook my doelwitte stel om so suksesvol te wees dat ek my gemeenskap kan help om hulleself op te hef en die klein stukkie grond wat hulle tot hul beskikking het, te gebruik deur die aanplant van klein groentetuine.

### Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

My raad aan die jeug is dat om te boer 'n voltydse werk is, maar indien jy 'n passie vir boerdery het en werk in die landbou, dit nou jou tyd is om die voortou te neem en seker te maak dat landbou die leier in werkskepping word en dat dit jou bydrae tot 'n beter toekoms vir ons land sal wees. 🌱

*Artike verskaf deur Liana Stroebel, Ontwikkelingskoördineerder van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za).*

# Ontmoet ons **Kommersiëleboer** van die Jaar finaliste



**PIETER CHABALALA** het grootgeword op 'n plaas in Rosendal en het na skool in Ficksburg gaan werk. Hy is getroud met Lucy en het vyf kinders. Na hy skool verlaat in 1977, begin hy vir Sasol werk as 'n hyskraanoperateur. In 1980 het hy vir Shell begin werk as 'n vragmotorbestuurder vir 10 jaar, waarna hy bevorder is tot 'n toesighouer/laaikontroleur. Hy lewer diesel aan verskillende boere in die Oos-Vrystaat. Pieter se begin in die landbou was in 2002, toe hy sy eerste plaas Kroonberg huur, wat hy twee jaar later gekoop het. Hy het altyd 'n groot belangstelling in die landbou gehad en met die boere waar hy diesel gelewer het, oor hul uitdagings gepraat.

Kroonberg is geleë in die Oos-Vrystaat naby Puthaditjhaba. Pieter produseer mielies, sojabone en droëbone op 'n totale area van 305 ha bewerkbare grond. Hy was deel van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere vir die afgelope agt jaar en het gevorder van 'n bestaansboer 'n paar jaar gelede.

Pieter handhaaf goeie verhoudings met ander rolspelers in die landbou, is gretig om te leer en is bereid om nuwe idees te probeer. Hy is baie presies in sy werk en verstaan al die vereistes van 'n voltydse boer.



*Pieter Chabalala*



**MICHAEL RAMOHOLI** is gebore op 'n plaas in die Marquard-distrik. Albei sy ouers was plaaswerkers. Hulle was nege kinders, hy was die vierde kind en die oudste seun. Sy ouers verhuis na die Wesselsbron distrik en het daar op 'n plaas gewerk. Hy het 'n plaasskool bygewoon totdat hy Graad 7 geslaag het. Sy ma het daarop aangedring dat hy na 'n skool in Welkom gaan totdat hy Graad 10 geslaag het.

Hy het grootgeword op 'n plaas, uitgehelp op die plaas en omdat hy gekyk het wat sy pa doen, word dit tweede natuur vir hom. Na skool het hy baie boerderyonderwysing opgedoen.

In 1989 begin Michael boer op grond wat hy gehuur het van die Welkom Munisipaliteit. Hy het weidingregte met ander mense van die dorp gedeel, wat gelei het tot baie konflik ten opsigte van oorbeweiding en diefstal. In 2004 het hy daarin geslaag om die plaas Komma, in die Theunissen-distrik te koop. Dit is 'n klein plasie, 214 ha, waarvan 115 ha bewerkbare lande is en 99 ha natuurlike weiding. Michael is ook die voorsitter van die Graan SA Masilonyana Studiegroep op Theunissen.

Michael is getroud met Dorah en hulle het vier kinders, almal dogters. Micael sê hy voel dat hy gereed is vir die toekoms. Hy het die kennis, danksy Graan SA. Hy moet homself bewys as 'n suksesvolle, bevoegde en onafhanklike, groot kommersiële boer.



*Michael Ramoholi*





**JOB METSWAMERE**, gebore in Rooijantjiesfontein Ga-Maloka wat 30 km van Lichtenburg is, is getroud met sy vrou Deborah Mokotedi en woon in Klippan saam met sy vrou en vier dogters. Na skool het hy sy pa op sy plaas gehelp vir 'n jaar, waarna hy by Taung Onderwyskollege ingeskryf het vir sy Diploma in Onderwys en in 1988 voltooi het. In 1996 het hy ingeskryf vir 'n Diploma vir Verdere Onderwys by die Kollege van Onderwys van Suid-Afrika, wat hy in 1997 voltooi het.

Job het sy belangstelling in boerdery by sy pa gekry, wat hom gementor het en alles wat hy weet van boerdery, geleer het. Job plant mielies en sonneblom en het 'n veekomponent om al sy hulpbronne effektief te benut. Hy boer op 135 ha van sy eie grond, tesame met 415 ha kommunale grond en huur nog 100 ha om sy gewasse te plant.

Job wil graag 'n ander plaas besit en wil meer werk in sy gemeenskap skep, omdat werkloosheid 'n groot probleem is in die gemeenskap waar hy bly. Hy wil ook meer waarde aan sy gewasse en vee toevoeg.

Job is 'n merkwaardige boer met goeie ondervinding en 'n oog vir nuwe geleenthede.



*Job  
Metswamere*



**RALPH SWART** is die eerste en enigste finalis uit die Wes-Kaap en produseer koring, gars, hawer, korog en rooibos tee. Hy is die oudste van sewe kinders, getroud met Preline en het ses kinders van sy eie, waarvan die oudste twee, Leaan en Jacques, hulle loopbane toegewy het aan die familieboerdery, Swart Boerdery.

Ralph besit 89 ha grond waarvan 72 hektaar weiding is en 17 ha veld, terwyl hy 1 280 ha grond by die Morawiese Kerk huur, waarvan 1 152 ha bewerkbaar is. Ralph het 220 ha koring (3,2 ton/ha), 100 ha gars (3,5 ton/ha), 250 ha korog (2,5 ton/ha) en 40 ha hawer (2,2 ton/ha) geplant.

Ralph se vee bestaan uit 1 500 ooie en 140 Bonsmara beeste. Ralph is 'n uitsonderlike boer en persoon. Hoewel hy net graad 8 geslaag het, is hy 'n baie goeie voorbeeld vir ander deur te wys dat indien jy bereid is om te leer en hard te werk, jy iets kan doen. Hy het 'n passie vir landbou en is ook 'n baie nederige persoon. Hy is gretig om voortdurend te leer en sy praktyke te verbeter en mis selde 'n studiegroep byeenkoms, kursus of bewaringslandbou-dae wat aangebied word. Hy is betrokke, vra vrae en toets alles wat hy leer op sy eie plaas en is 'n ware entrepreneur. Ralph is altyd bereid om die kleiner boere in sy area by te staan met toerusting en/of advies. Hy is 'n familieman en maak altyd 'n punt daarvan om sy twee seuns saam te neem na al die gebeure en hulle soveel blootstelling as moontlik te gee.



*Ralph  
Swart*



**Artikel verskaf deur Landi Kruger,  
Graan SA Data Administrateur/  
Ekonomiese. Vir meer inligting, stuur  
'n e-pos na landi@grainsa.co.za.**

# Die kandidate vir die 2014 Kleinboeweboer van die Jaar is...



**LUNGELWA** is deur 'n plaaswerker in die Oos-Kaap grootgemaak. Na voltooiing van haar skoolloopbaan is sy getroud met Vuyani Kama. Lungelwa het haar primêre en sekondêre skoolopleiding aan die Long Hope Plaasskool voltooi.

Lungelwa het begin boer deur die koop van 'n klein troppie beeste en skape en het gesukkel om weiding vir hulle te kry. Die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming het toe 'n plaas beskikbaar gemaak en ook 'n paar implemente. Dit het Lungelwa gehelp op die pad na kommersiële boerdery. Die plaas wat deur DRDLR geskenk is, het slegs 35 ha landbougrond, maar die Kama's het daarin geslaag om 'n bykomende 70 ha goeie landbougrond sowel as weiding, te huur van die houtmaatskappy wat in Ugie is (PG Bison). Die Kama's het 'n pragtige huis op die plaas gebou waar hulle woon saam met hul twee klein kindertjies wat ook 'n liefde ontwikkel het vir die plaaslewe.

Om kennis te verkry, het Lungelwa by die Ugie studiegroep aangesluit en begin met die bywoning van die Graan SA opleidingskursusse. Vanjaar het Lungelwa 100 ha mielies geplant en in sommige gebiede is die verwagte opbrengs meer as 8 ton/ha – 'n pragtige oes! Vusi Ngesi is Lungelwa se provinsiale koördineerder.



*Lungelwa  
Kama*



**DWAALKRAAL KOÖPERATIEWE GROEP** het sewe lede van wie almal gebore is en grootgeword het op die plaas Doornbult naby Bossies in die Sannieshof distrik in die Noordwes-provinsie. Al die lede van hierdie koöperasie het gewerk vir mnr Andrew Makkink op die plaas wat later deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming in 2011 vir hulle gekoop is. Terwyl hulle grootgeword het op sy plaas, het hulle gewerk met alles op sy plaas en het hulle ondervinding van hom opgedoen.

Die lede van die groep het verskeie kursusse bygewoon wat insluit: Mielie en Sonneblom-produksie kursusse, asook verskeie op die plaas vaardigheidskursusse. Du Toit van der Westhuizen is hul provinsiale koördineerder en help hulle wanneer dit nodig is.

Die plaas het 150 ha goeie landbougrond en 368 ha weiding. Vanjaar het hulle mielies en sonneblom (wat hulle elke jaar in 'n wisselboustelsel doen) geplant en hulle het goeie opbrengste geoes. Die lede van hierdie groep is trots om nou winsgewend te boer as gevolg van die kennis wat hulle opgedoen het deur middel van die kursusse wat hulle bygewoon het, op die plaas ondersteuning van hul mentor, asook befondsing deur die herkapitaliseringsprogram van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Landbouhervorming (Noord-Wes). Hierdie groep is 'n wonderlike voorbeeld van wat bereik kan word as mense saamwerk en goeie raad aanneem – hulle is goed op pad om Nuwe Era kommersiële boere te word.



*Dwaalkraal  
koöperasie*



**BOER VAN DIE JAAR**



**LANGA SIMON MBELE** is op 5 Februarie 1952 gebore in Bergville, KwaZulu-Natal en het daar grootgeword. In 1979 is hy met Thabile getroud en hulle is geseën met ses kinders. Langa het sy primêre onderwys begin by Langkloof Primêre Skool en is na Okhahlamba Hoërskool waar hy graad 10 in 1973 voltooi. Langa se beginpunt in die landbou was in 1992, toe hy en sy broer (Thulani) twee plase in QwaQwa gehuur het. In 1996 het die Departement van Grondsake besluit om van die plase te verkoop en hy koop toe een van die plase met die hulp van die Landbank. Hy het sy lening in 2010 afbetaal. Langa is deel van die Graan SA Ontwikkelingsprogram sedert 2009 en Jurie Mentz is sy provinsiale koördineerder.

Langa is 'n kontrakteur en voorsitter van Okhahlamba Boerevereniging en hulle werk met meer as 80 kleinskaal boere wat geelmielies aanplant onder die SAB-projek. Hulle het ook boere wat hoofsaaklik konsentreer op vee en ondersteuning ontvang van BKB.

Langa droom daarvan om 'n kommersiële boer te word wat 500 ha plant en besit 500 beeste. Op hierdie stadium het hy 60 ha van sy eie landbougrond en 771 ha eie veld. Hy het ook toegang tot 50 ha landbougrond in die kommunale gebied naby Bergville. Vanjaar het Langa die totale 110 ha mielies aangeplant en hy het ook daarin geslaag om 12 ha droë bone te plant.

Hy het sy boerdery gediversifiseer in suiwel, beeste en gewasse om 'n konstante kontantvloei te verseker en sy risiko's te versprei. Langa gebruik Round-up Ready tegnologie.

Langa is gretig om nuwe produksiemetodes aan te leer en sy praktyke verbeter jaarliks.



*Langa Mbele*



**WILLEM MODUKANELE** is op 27 Julie 1939 gebore op 'n plaas in die Bultfontein distrik. Omdat hy 'n kind van 'n plaaswerker was, het hy grootgeword op 'n plaas. Sy ma was 'n huishulp op die plaas. Hoewel hulle baie arm was, het hulle goed grootgeword en het altyd genoeg gehad om te eet. Hy het 'n klein plaasskooltjie bygewoon en Graad 7 geslaag. Hy het op die plaas gewerk en in 1963 begin om te werk vir Senwes. In 1975 het hy vir BP as 'n vragmotorbestuurder begin werk en diesel en petrol op Bultfontein afgelewer. Terwyl hy dit gedoen het, het hy ook gedroom om eendag sy eie plaas te besit. Hy het altyd vroeë gepraat terwyl hy diesel op die plase afgelewer het en alle inligting ingedrink.

In 2006 het Willem die plaas, LA Riviera in die Theunissen-distrik van mnr PHS Bezuidenhout gekoop. Dit is bereik met die hulp van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en as deel van die LRAD-stelsel. Die plaas is 170 ha groot. 70 ha is landbougrond en 100 ha natuurlike weiding.

Willem se grootste uitdaging is om toegang tot produksiekapitaal te verkry. Willem is 'n hardwerkende man en sy lande is netjies bewerk en die heinings op die eiendom is goed. Beide Willem en sy vrou is lede van die Welkom Studiegroep. Willem is 'n innemende man en is bereid om so veel as wat hy kan te leer. Hy het ook 'n aantal Graan SA kursusse bygewoon. Willem was deel van die herkapitaliseringsprogram in die Vrystaat. Hy het nou die besproeiingspomp waarvoor hy altyd gedroom het. Sy eerste 22 ha mielies groei nou onder besproeiing.

As gevolg van Graan SA, het Willem al baie oorleef. Hy het opleiding en ondersteuning van Graan SA ontvang en ook hulp van die provinsiale koördineerder, Johan Kriel, wat Willem altyd aanmoedig wanneer tye moeilik is en altyd daar is wanneer dit nodig is. "Ek is wat ek vandag is as gevolg van Johan se ondersteuning en advies" sê Willem.



*Willem Modukanele*



**Artikel verskaf deur Jane McPherson, Programbestuurder van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jane@grainsa.co.za.**

# Enoch, Gladys en Thoko in lyn vir die **Bestaansboer** van die Jaar toekenning



**GLADYS PATHELENI ZONDO** is in Emmaus naby Winterton in KwaZulu-Natal op 17 Februarie 1967 gebore. Sy het grootgeword in Emmaus en het die Emmaus Laerskool tot graad 4 bygewoon. Gladys het nog altyd vir haarself gewerk deur die herstel en maak van klere vir die gemeenskap.

Gladys het toegang tot 3 ha bewerkbare grond in die kommunale gebied waarin sy woon. In die verlede het sy die hele area aangeplant in 'n poging om voldoende mielies vir die gesin se stapelvoedsel vir 'n jaar te voorsien. Sedert die gebruik van moderne produksiepraktyke, het Gladys slegs nodig om 0,25 ha mielies te plant om verseker te wees van die 1 ton vir haar gesin se behoeftes. Gladys het haar produksiepraktyke verander na geen-bewerking met chemiese onkruidbeheer en dit het haar lewe baie makliker gemaak, asook meer voedsel vir die gesin voorsien. Sy is in staat om die res van die land te gebruik om boontjies en ander groente te kweek. Jurie Mentz is haar Provinsiale koördineerder.



*Gladys  
Zondo*





**BOER VAN DIE JAAR**



**ENOCH** het grootgeword in die landelike gebiede, waar sy pa 'n klein stukkie grond gehad het en mielies op 'n bestaansboerdery basis verbou het. Enoch het as plaaswerker vir ongeveer 30 jaar gewerk, hoofsaaklik met skape en beeste. In 2009 het Enoch by die Donkerhoek Studiegroep, toe dit ontstaan het, aangesluit en hy is 'n lojale lid van die groep. Hy het ook verskeie opleidingskursusse bygewoon. Enoch boer in Piet Retief in Mpumalanga en sy provinsiale koördineerder is Naas Gouws.

Vanjaar het Enoch daarin geslaag om 3 ha mielies te plant. Hy het toegang tot 6 ha, maar as gevolg van 'n gebrek aan fondse, was hy nie in staat om die hele area aan te plant nie. Die gewas het goed reageer op sy bestuur en hy verwag dat hy meer as 6 ton/ha sal oes.



*Enoch  
Khumalo*




**THOKO MATHA MOFOKENG** is op 1 Januarie 1952 in Emmaus naby Winterton in KwaZulu-Natal gebore en het ook grootgeword in Emmaus. Thoko begin skoolgaan aan die Ngwadi Primêre Skool en verlaat skool in Graad 2. In 2005 ontmoet Thoko 'n plaaslike voorligtingsbeampte wat haar baie oor boerdery geleer het en in 2009 ontmoet sy Mshefane (Jurie Mentz, SA Graan Provinsiale Koördineerder) wat haar ook baie waardevolle dinge oor landbou geleer het. Sedertdien het sy nie weer teruggekyk nie.


Thoko is 'n lid van die Emmaus Studiegroep en het opleidingskursusse oor mielieverbouing bygewoon. Hoewel Thoko slegs 1 ha mielies met die hand verbou, sou sy graag meer toegang tot grond wou verkry en die grootte van die grond wat sy aanplant, wou verhoog (met die hand). Aanplanting met die hand was 'n groot uitdaging, maar nou het sy die uitdaging oorkom deurdat sy vir haarself 'n planter gekoop het wat sy met die hand vashou, asook 'n rugsakspuit en sy gebruik Roundup Ready saad.



**Artikel verskaf deur Jane McPherson, Programbestuurder van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jane@grainsa.co.za.**



*Thoko  
Mofokeng*



# Plae en siektes by koring

**G**edurende 'n seisoen kan 'n aantal verskillende insekte op koringplante voorkom, maar nie al hierdie peste is ewe skadelik nie.

## Insekbeheer

Die besluit om die plaag te beheer moet individueel gemaak word vir elke plaag en die betrokke beheermaatreël moet gekies word om die beste resultaat in beide ekonomiese en omgewings-terme te gee. Die korrekte identifikasie van peste is van die uiterste belang om te verseker dat die toepaslike beheermaatreël gevolg word. (Verwys na die veldgids: Die Identifisering van Insekte by Koring, beskikbaar by die Kleingraaninstituut in Bethlehem).

## Plantluise

Vyf plantluisspesies kom algemeen by koring in die somerreëval produksiegebiede in Suid-Afrika voorkom. Dit is die Russiese koringluise wat die belangrikste luis is wat jaarliks uitbreek, terwyl ander plantluisspesies insluit die groen koringluis, die

hawerluis, die bruin koringluis en die roosgraanluis, wat almal sporadies voorkom.

## Ander insekte

Die volgende insekte word beskou as sporadiese of sekondêre peste by kleingraan in die somerreëvalgebiede.

- **Bruin koring myte** – hierdie myte is klein en donkerbruin met 'n effens ovaal liggaam. Verkenning moet gedurende die dag uitgevoer word, omdat myte die nag in of op die grond deurbring. Tydens ernstige besmetting, kan blare geel of brons verkleur wat in geel of bruin area in die land voorkom. Die besmetting is gewoonlik meer ernstig wanneer die koringplante onder stres is en die opname en oordrag van sistemiese insekdoders onderdruk. Wanneer jy verken, kan 'n skoon wit sakdoek onder die plant en die blare geskud word om die myte te laat afval. Indien hierdie insekte ongemerk voortgaan, kan dit ernstige skade veroorsaak.
- **Valsdraadwurm** – dit is die larwe stadium van 'n groot, donker gekleurde kewer met lang bene

wat dikwels oor die grond hardloop en wegkruip in plantrommel. Die larwe is die mees skadelike stadium, omdat dit voed op saad, wortels en saailingstamme by of net onder die oppervlak van die grond. Volwasse kewers kan saailinge wat opkom, beskadig.

- **Bolwurm** – die volwasse motte is ligbruin tot grys met 'n vlerkspan van ongeveer 20 mm en vlieg teen dagbreek en skemer en lê hul eiers direk op die plant. Jong larwe voed op die chlorofil van die blare en migreer later na die baard om te voed op die ontwikkelende pitte.
- **Swartmieliekewer** – die volwasse kewer is swart, ongeveer 12 mm - 15 mm in lengte en in staat om ver te vlieg. Die kewers is die mees skadelike stadium, terwyl hul larwe meestal oorleef op organiese materiaal in die grond. Volwasse kewers kou aan die basis van die stam van saailinge wat lei tot verlaagde stand.
- **Bladspringers en mieliestreep virus** – Bladspringers wat met mieliestreep virus besmet is, kan migreer van mielies na koring en die mieliestreep virus met hulle saamdra. Wanneer



Foto 1: English Grain Aphid.  
Foto 2: Stamroes.  
Foto 3: Vrotpootjie.



## PLAAG EN SIEKTEBEHEER

vroegeplante koringplante besmet raak, word hulle vertraag en die krulblare wys dun wit strepe.

### Koringsiektes

Genetiese en chemiese metodes word gebruik vir die beheer van siektes by koring. Swamdoders word gebruik vir chemiese beheer van blaarsiektes, asook grondgedraagde siektes soos aarskroei en losbrand. Groot sukses is reeds bereik met die ontwikkeling van kultivars met weerstand teen stam-, geel-en blaarroes.

Ten einde suksesvol te wees met die gebruik van swamdoders vir siektebeheer, moet die volgende aspekte in ag geneem word:

Siektes moet korrek geïdentifiseer word. Vir hierdie doel, kontak die Kleingraaninstituut in Bethlehem.

- Dit word aanbeveel dat 'n siekte eers in die veld waargeneem moet word voordat jy met 'n spuit-program begin.
- Ten einde die toepaslike swamdoder te kies, moet die siekte en oorsaaklike organisme van die siekte korrek geïdentifiseer word.
- Die doeltreffendheid van swamdoders verskil en 'n swamdoder wat geregistreer en doeltreffend teen die siekte is, moet gekies word.
- Die vatbaarheid van die betrokke kultivar teen die siekte moet in ag geneem word. In die meeste gevalle, sal bestande kultivars nie swamdoder beskerming benodig nie, tensy nuwe vorme van die patogeen ontwikkel.

- Tydsberekening van die toediening is van krietieke belang.
- Die toediening van chemikalieë na blom is nie ekonomies nie, omdat beduidende skade reeds sou plaasgevind het.
- Sommige swamdoders vereis tussenposes voor oes of gebruik van produkte.
- Gebruik voldoende water om voldoende bedekking van die plantblare te verseker.
- Verliese kan verminder word deur die keuse van bestande kultivars.

### Vrotpootjie

Hierdie siekte word veroorsaak deur 'n swam patogeen algemeen bekend as GGT. Hierdie siekte is die mees algemeen in die besproeiingsgebiede van die Oos-Vrystaat en KwaZulu-Natal en kan lei tot verliese van tot 72%, indien dit nie van die begin af beheer word nie. Verskeie faktore is bevind wat die voorkoms van vrotpootjie bevorder en dit sluit in sanderige, alkaliese, onvrugbare en swak gedreineerde gronde, hoër as die aanbevole saaidigtheid, gronde met 'n hoë organiese inhoud, sowel as Manganese en stikstof tekorte.

### Kroonvrot

Kroonvrot vind plaas wanneer die stambasis van volwasse plante deur talle swampatogene van die genus *Fusarium* besmet word. Die simptome van die siekte raak gewoonlik baie duidelik tydens blom of na 'n tydperk van lang vogstremming, wanneer

óf die hele plant, of dele skielik doodgaan. Die siekte kom onder droëland toestande voor, veral in die Sentraal-en Wes-Vrystaat.

### Geelroes of streeproes

Hierdie parasiet kan net groei op lewende gasheer-materiaal. Hierdie patogeen besmet koring, gars, tritikale, rog en 'n paar ander grasspesies. Simptome van gestreepte roes is gewoonlik sistemies met heldergeel tot oranje uredinio spore en verskyn in lineêre rye op die blaar.

### Blaarroes of bruinroes

Blaarroes besmet kleingraan, sowel as die verskillende grasspesies. Optimum temperature tussen 15°C - 22°C en vog is nodig vir vinnige ontwikkeling van die siekte.

Daar is verskeie ander organismes wat verskeie siektes by koring veroorsaak, byvoorbeeld stamroes, *Fusarium* aarskroei, septoria vaalblaar en bruinaar siekte, karnaalbrand, losbrand, stinkbrand, mieliestrep virus wat oorgedra word deur bladspringers wat die virus in hul sisteme bevat en dit aan die plant oordra tydens voeding en uitroes. Al hierdie patogene vereis gespesialiseerde chemiese behandeling tydens optimum groeistadiums onder ideale temperatuur en vog toestande.

**Artikel aangepas vanuit die Koringproduksie Handleiding.**




Foto 4: Geelroes of streeproes.

Foto 5: Plantluis.

Foto 6: Plantluis.

Foto 7: Blaarroes of bruinroes.

# IS PRODUKTIWITEIT BELANGRIK?

**W**aarom die klem op produktiwiteit? So lank as wat die werk gedoen word. Nee. Boere is onder 'n ernstige koste-knyptang en 'n manier om die situasie, wat veroorsaak word deur die bestendige toename in die pryse van insette, insluitend minimum lone, teen te werk, is om produktiwiteit te verhoog.

Dit het dalk 'n spesifieke persoon wat spesifieke hulpbronne gebruik, voorheen 'n uur geneem om 'n spesifieke taak te voltooi. Nadat die manier waarop die werk gedoen word verander is, en/of die persoon verander is, byvoorbeeld deur opleiding en/of die verandering aan hulpbronne, neem dit dan 40 minute om die werk te doen. Dit is gelykstaande aan 'n hoër produktiwiteit of verhoogde prestasie. Produktiwiteit het te doen met hoeveel jy uit 'n proses kry, in vergelyking met hoeveel jy insit. Hoe meer uitset jy kry vir jou inset, hoe meer produktief is jy.

Hoe gaan ek te werk om produktiwiteit te verbeter? Om werk gedoen te kry, is mense betrokke en hulle gebruik ander hulpbronne, daarom WERK = MENSE x HULPBRONNE. Dus is daar drie aspekte wat in ag geneem moet word. Dit is egter nie altyd nodig of moontlik om al drie elemente op dieselfde tyd te verander nie. Soms kan deur net die verandering aan een of twee van die elemente, 'n toename in produktiwiteit, dus prestasie, bereik word.

Eerstens, kom ons kyk na die werk. Vra vrae oor die werk – "Waarom word hierdie werk gedoen?", "Is dit regtig nodig is om die spesifieke werk te doen?", "Is daar nie 'n beter manier om die werk te doen nie?", "Watter probleme ontstaan wanneer die werk gedoen word?" Daar is altyd 'n beter manier om werk gedoen te kry. Oorweeg die werk versigtig en baie belangrik, raadpleeg jou werknemers vir idees om werk op 'n beter manier gedoen te kry. Jy mag verbaas wees – hulle kan met wonderlike idees vorendag kom.

Tweedens, gee aandag aan jou menslike hulpbronne. Om produktief te wees, moet 'n persoon gemotiveer wees en die nodige vermoë hê. **PRESTASIE = VERMOË x MOTIVERING.**

Vermoë word beïnvloed deur 'n persoon se natuurlike talent en opleiding en die hulpbronne wat beskikbaar is. Het jou werknemers die nodige vaardighede, kundigheid en kennis om die werk te doen en is hulle behoorlik opgelei? **VERMOË = NATUURLIKE TALENT x OPLEIDING x HULPBRONNE.**

Verwag van jou personeel om dinge die eerste keer reg te doen, nie tyd (tyd is geld) te mors nie, om te kyk na gereedskap, masjinerie, toerusting en nie hulpbronne en insette te mors nie.

Motivering word beïnvloed deur 'n persoon se houding (kan positief of negatief wees) en toewyding. **MOTIVERING = HOUDING x TOEWYDING.**

Gee baie kortliks aandag aan die motivering van jou personeel deur die resultate wat behaal moet word uit te spel, gee hulle dan 'n geleentheid om hulself te bewys, hulle in te lig oor hul vordering, hulle te help wanneer dit nodig is en beloon hulle volgens hulle bydrae. Om verdere motivering te bevorder, kommunikeer gereeld met jou personeel, behandel hulle redelik en pas dissipline toe.

'n Persoon wat 'n koei vir die eerste keer moet melk, sal sukkel selfs al is hy/sy baie gemotiveerd – hy/sy is inherent lief vir beeste en wil die koei melk. Hy/sy is nie opgelei nie en het dalk nie voldoende hulpbronne nie – 'n geskikte plek om die koei te melk, 'n geskikte emmer en ander toerusting. Eers na behoorlike opleiding en die verskaffing van geskikte hulpbronne, sal die persoon produktief wees. Omgekeerd kan 'n persoon goed opgelei wees en voorsien wees van behoorlike hulpbronne en onproduktief wees ('n lang tyd neem om te melk) wanneer die koeie gemelk word, indien hy/sy nie hou daarvan om met beeste te werk nie. Hy/sy is eenvoudig nie gemotiveerd nie.

Derdens, gee aandag aan jou hulpbronne, wat gereedskap, toerusting, masjinerie, geriewe, ens kan insluit. Dit is belangrik dat werk gedoen word met behulp van die korrekte en gepaste hulpbronne. Verder moet alle hulpbronne in 'n goeie toestand wees en in stand gehou word om die werk behoorlik en binne 'n goeie tyd gedoen te kry. Het jy al ooit probeer om 'n wiel van 'n voertuig om te ruil sonder 'n behoorlike domkrag of wielsleutel? Wat sou die meer produktiewe manier wees om 'n 1 000 stene te vervoer van waar hulle opgestapel is tot waar dit benodig word – te dra met die hand of met behulp van 'n kruitwa?

Oorweeg die verbetering van produktiwiteit deur die aanpassing van bestaande hulpbronne of improviseer iets nuuts. Onthou " 'n Boer maak 'n plan." Landboutydskrifte (Landbou Weekblad, Farmers Weekly, en ander) is vol idees oor hoe bestaande gereedskap of toerusting aangepas kan word, of hoe om nuwe hulpbronne te improviseer. By NAMPO sal jy ook wonderlike idees teëkom.

**Ten slotte, hoër produktiwiteit (prestasie) het 'n positiewe invloed op die wins, wat die werkgewer en werknemers sal baat.** Deur meer produktief te wees, het jy minder werknemers nodig om die werk te doen, dit kan dalk minder tyd en onnodige hulpbronne gebruik, wat alles sal bespaar op koste.

Die eienaar/bestuurder van 'n boerdery moet, ten einde finansieel te oorleef, voortdurend aandag gee aan alle werk en take wat gedoen word as deel van die besigheid, om sodoende produktiwiteit te verhoog en prestasie te verbeter.

Produktiwiteit is nog iets wat gedoen moet word: Wat 'n uitdaging om 'n boer te wees!

*Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.*

# Ken die water infiltrasietempo by jou besproeiingskoring

**S**uksesvolle produksie van koring onder besproeiing vereis oorweging van baie faktore, insluitend die gehalte van water, (wat in 'n vorige Pula Imvula artikel gedek is), grondtipe, spesifieke bewerkingspraktyke, toediening van water teen die regte tussenposes, kultivarkeuse en saaidigtheid, bemesting en bemesting deur besproeiing en 'n geïntegreerde plaag-en onkruidbeheer program.

Een van die belangrike faktore om te oorweeg wanneer produksie van koring onder besproeiing bestuur word, is die water infiltrasie.

## Water infiltrasietempo

Die infiltrasietempo, of die spoed waarteen water deur 'n grondprofiel kan beweeg, sal die hoeveelheid water bepaal wat op een slag toegedien kan word. Dit is belangrik om nie die tempo waarteen die water deur die grondoppervlak en die wortelsone van die koring geabsorbeer kan word, te oorskry nie. Dit kan lei eerstens tot die opgaar van water in laerliggende plekke in die area onder besproeiing en dan ook die afloop van water, wat 'n skaars en duur hulpbron is, na omliggende areas en daarna na riviere.

Oortollige water in die grondprofiel sal ook lei tot uitloging van die toegedienende kunsmis, veral stikstof en ander minerale deur die grond en in nabygeleë strome of riviere. Dit kan uitgebreide besoedeling en oorgroei van alge en ander plante veroorsaak.

Die grondtekstuur, sowel as die gronddigtheid, organiese materiaal, stabiliteit van die grondoppervlak, ou plantreste en die omvang van die huidige oes se groei wat die grondoppervlak beskerm, sal die infiltrasietempo bepaal.

**Tabel 1: Aangeduide infiltrasietempo's vir verskillende grondteksture.**

Grondtekstuur	Infiltrasietempo in mm/u
Sand	13
Leem sand	12
Sand leem	10
Ligte sand klei leem	7
Sand klei leem	5
Klei leem	5
Ligte klei	4
Medium klei	3

## Aangeduide infiltrasietempo's vir verskillende grondteksture

Een van die eerste prioriteite van 'n besproeiingsboer is om al die aspekte van die grond en grondprofiel in sy besproeiingslande te leer ken. Hierdie kennis, sowel as die neem van grondmonsters en die grawe van grondprofiel, is van kritiese belang vir die begrip van die verskillende grondlae, sand en klei-inhoud en om vas te stel of daar enige verdigte lae is wat sal verhoed dat die water deur die grondprofiel beweeg. Verdigtingslae sal ook 'n invloed hê op die diepte en omvang van die wortelgroei en opname van die toegedienende kunsmis.

Water infiltrasietempo sal ook afhang van die vraag of die besproeiingsmetode vloedsbesproeiing, normale sprinkelbesproeiing, mikrobese besproeiing, drupbesproeiing of spilpuntbesproeiing is.

Dit is belangrik om spilpunte met spuitpunte te monteer wat optimum grootte druppels voorsien wat nie weggewaai kan word deur die wind nie, nie verdamp onder baie warm toestande en wat nie te groot is nie, omdat hierdie swaar druppels die grondoppervlak kan verdig. Jou besproeiings-toerusting verskaffer kan jou die verskillende opsies wys wat beskikbaar is.

Sommige infiltrasietempo's in millimeter per uur vir verskillende grondtipes word aangedui in **Tabel 1**. Dit is baie belangrik om die sand en klei-inhoud van die top 150 mm en 150 mm onder die boonste laag te toets. 'n Mens kan dan 'n idee kry van die basiese waterleweringstempo waarteen jou stelsel, hetsy spilpunt of normale stelsel, opgestel kan word. Praktiese waarneming sal dan bepaal teen watter tempo jou grond met die aangeplante koring en tydens verskillende groeifases, die water wat toegedien is, kan hanteer. Indien 'n toets gedoen is en daar 'n afloop is, kan die dosis dienoreenkomstig verminder word.

Die water sal toegedien word vir verhoogde tydperke om by die vereistes van die koring aan te pas, veral net voor blom en tydens aanvorming.

## Voorplant veginhoud

Een van die kardinale reëls by besproeiingskoringproduksie is om die area goed voor te berei voor die plantdatum, sodat die saad in grond geplaas kan word waar die totale grondprofiel veldkapasiteit is. Veldkapasiteit word gedefinieer deur 50% water en 50% lug tussen die gronddeeltjies. Dit is 'n punt van grondwaterinhoud waar daar geen vloeï van oortollige water is wat voedingstowwe en minerale uit die grond kan loog nie.

In 'n omgewing waar winterkoring geplant word en met hitte wat gedurende Oktober en November ondervind word, is die groei van die koring so vinnig

dat die tempo waarteen water toegedien kan word, nie kan vergoed vir die verdampingstranspirasie van die gewas nie. Die boer moet dus seker maak dat die beskikbare water op die maksimum gehou word regdeur die groeitydperk.

## Water wat gereedelik beskikbaar is, of RAW

Dit is belangrik om die toediening van water te balanseer met die grond se vermoë om die vereiste water te absorbeer. Die beskikbare water vir die plant word bepaal deur die effektiewe worteldiepte van die gewas, wat ongeveer 60 cm is vir die meeste gronde wat geskik is vir koringproduksie, met die grootste gedeelte van die wortels wat in die top 30 cm laag is. Die RAW inhoud van die grond moet regdeur die seisoen gemonitor word. Sommige waardes in mm water per sentimeter (cm) vir verskeie gronde kan gesien word in **Tabel 2**. Hulle kan gebruik word om die hoeveelheid water wat nodig is om die grond tot by die ideale voorplant toestande te bring, te bepaal.

**Tabel 2: Geredelike water beskikbaarheidsvermoë van verskillende gronde (RAW).**

Grondtekstuur	RAW (mm/cm)
Sand	0,38
Leem sand	0,55
Sand leem	0,65
Ligte sand klei leem	0,74
Sand klei leem	0,71
Klei leem	0,65
Ligte klei	0,57
Medium klei	0,41

Soos uit die tabel gesien kan word, is grond met 'n hoër klei-inhoud in staat om meer van die geredelike beskikbare water te hou.

## Gevolgtrekking

Die boer moet weet wat die optimum infiltrasietempo van die grond in sy besproeiingskoringlande is, om in staat te wees om die water toedieningstempo dwarsdeur die groeitydperk van sy gewas te bestuur. 

**Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.**

# Hou jou planter in stand vir optimale prestasie



**D**it is 'n goeie idee om betyds voor te berei vir die plantseisoen. Die planter is in werklikheid jou mees kritiese implement op die plaas. Dit bepaal jou oespotensiaal van dag een af en indien enige foute op hierdie stadium gemaak word, sal dit beteken dat jy sal moet herplant teen groot koste, of andersins die risiko loop om potensiële verliese tydens oestyd te dra.

'n Land wat aangeplant is met 'n ongelyke stand vir óf mielies, óf sonneblom, sal nooit so goed produseer as wat dit kon teen 'n ideale plantestand wat goed gespaseer en eweredig versprei is nie. Afwykings in opbrengs tussen ½ ton/ha tot 2 ton/ha is algemeen. Gedurende hierdie seisoen in besonder, is gevind dat baie boere variasies in opbrengste van tussen 4 ton/ha en 6 ton/ha aangemeld het by mielies wat dieselfde reënval en kunsmistoestande gehad het en landboukundiges skryf dit toe aan een oorsaak – die plantestand van die gewas.

## Hoe verseker jy dat jy 'n goeie plantestand het?

Dit is nodig om vroeg in die seisoen baie aandag te skenk aan klein besonderhede deur betyds instandhouding op al die planters te doen, sodat hulle gereed is om te werk wanneer toestande ideaal is.

## Algemene planterinstandhouding

### Laers

Omdat laers blyk funksioneel te wees, is en vrylik draai, maak boere dikwels die fout om voort te gaan en te begin plant, maar in werklikheid is dit is een van die mees algemene oorsake van onderbrekings tydens die plantproses. Die vervanging van laers in die land is 'n mees frustrerende oefening, dus moet dit gedoen word voordat hulle ingee. Dit is belangrik om alle snyskottellaers te verwyder voor die aanvang van die planttyd. Vervang enige laers wat op enige manier lyk asof hulle geslyt is, of nie vrylik draai nie. Tydens hierdie proses moet die stofdeksels oor die laers en die seëls ook gecontroleer word om seker te maak dat hulle stofdig is. Dit is 'n groot oorsaak daarvan dat laers ingee.

Laers is nie goedkoop nie, wat die rede is waarom boere geneig is om te probeer om hulle so lank as moontlik te laat hou, maar dit is dikwels nie 'n goeie manier om te probeer spaar nie, omdat



## INSTANDHOUDING



**Die wiel is afgehaal om die wiellaers wat uitgewerk is, te vervang.**

die koste styg indien die planter in die land staan wanneer planttoestande ideaal is – die koste van 'n spesiale rit na die naaste dorp net om een laer te koop, uitgesluit.

### Saad en kunsmis snyskottels

Maak seker dat die omtrek korrek is, dit wil sê dat hulle nie geslyt is nie, omdat dit probleme met die diepteplassing van saad en kunsmis sal veroorsaak.

### Kettings

Kettings moet in 'n goeie toestand gehou word. Dit is 'n baie goeie praktyk om alle kettings van die planter aan die einde van elke seisoen te verwyder. Hulle moet in 'n droë plek gestoor word, sodat daar geen roes ontstaan nie en dan geolie word, of selfs 'n paar dae in olie gelê word voor die installering vir die nuwe seisoen.

### Ratte

Maak seker dat al die ratte op die planter vrylik beweeg. Maak seker dat daar geen tande is wat geslyt is nie, omdat dit daartoe sal lei dat die ketting spring of afval en lei tot ongelyke saadplassing en gapings.

### Kunsmisbakke

Dit is 'n ideale praktyk al die bakke te verwyder na plant, dit te was en binnenshuis te bêre, omdat kunsmis roes bewerkstellig. Metaalbakke in die besonder, roes baie vinnig. Met die aanvang van die nuwe seisoen moet die bakke skoongemaak word en ook die wurms of spirale wat die kunsmis vervoer, moet skoon wees en vrylik beweeg voordat hulle weer aangesit word. Dit is altyd 'n goeie

ding om die kunsmisbakke te verf, omdat dit roes voorkom.

### Saadbakke

Maak seker dat die pype wat die saad vervoer nie stukkend of geblok is nie, sodat die vloei van saad nie belemmer word nie. Maak seker dat die vere op die plantereenheid reg is en verseker dat die spanning goed genoeg is om die afwaartse druk van die plantereenheid te verseker.

### Smeerpunte

Maak seker dat al die smeerpunte voor planttyd gedoen is en smeer hulle gereeld dwarsdeur die hele proses om alles vrylik te laat draai.

### Tipe planters

Daar is 3 hoof tipe planters wat algemeen gebruik word, naamlik plaatplanters, vingerplanters en vakuumpanters.

### Plaatplanters

Die grootte van die saad wat jy bestel, is baie belangrik by plaatplanters, omdat die saadgrootte versoekenbaar is met die grootte van die gate op die plate wat gebruik moet word. Die aantal gate op die plaat sal 'n direkte invloed op die plantpopulasie hê, daarom moet dit in ag geneem word. Maak seker dat die planterlem nie te veel geslyt is nie, want dit sal die diepte waarop die saad geplaas word, beïnvloed.

### Vingerplanters

- Kontroleer die meganisme en maak seker dat alle vingers, vere, belde en spanningsmoere in 'n goeie werkende toestand is.

“Dit is duidelik van kritiese belang om jou planter in stand te hou en te verstel vir optimale prestasie tydens die plantseisoen.

- Maak seker dat die saadpype en snyskottels in 'n goeie toestand is en nie gekraak of gebreek is nie.
- Herstel van swak of gebreekte parte verbeter akkuraatheid geweldig baie.

### Vakuumpanters

- Kontroleer pype. Lekkasies of krake lei tot 'n gebrek aan suigkrag.
- Aanpassings aan die vakuum moet gemaak word afhange van die grootte van die saad wat aangekoop is. Indien die saad klein is en die suigkrag te hoog is (sterk), kan 2 - 3 sade in plaas van die gewenste 1 saad opgesuig word en dit sal lei tot groepe saad wat in die grond geplaas word. Indien die suigkrag te laag is (swak), of die suigpype het lekkasies, sal daar gapings wees, omdat die saad nie in die plate opgesuig word nie.
- Kontroleer die belde, veral op die waaier wat suig. Hulle moet 'n goeie spanning hê en nie geslyt wees nie. Indien daar enige teken van slytasie is, moet hulle vervang word, want dit is die vernaamste komponent wat suigkrag skep.
- Maak seker dat die basisplaat agter die saadplaat nie geslyt is en vervang moet word nie. Indien dit geslyt is, sal die saadplaat nie styf daarteen lê nie en sal daar 'n verlies aan vakuum wees.

Om goeie plantwerk uit te voer behels instandhouding, aanpassings en goeie besluite deur die boer en die planteroperateur. Indien slegs een uit elke twaalf mieliepitte nie opkom nie, kan dit verliese van tot 0,5 ton/ha beteken en te vinnige spoed, geslyte kettings, of saadmeters wat nie in stand gehou is nie, kan ernstige spasieringafwykings veroorsaak. Dit is duidelik van kritiese belang om jou planter in stand te hou en te verstel vir optimale prestasie tydens die plantseisoen. 🌱

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**

**Redaksie**

**GRAAN SA: BLOEMFONTEIN**  
Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
Collinsstraat 7, Arboretum  
Bloemfontein  
▶ 08600 47246 ◀  
▶ Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

**HOOFREDAKTEUR**  
**Jane McPherson**  
▶ 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

**REDAKTEUR & VERSPREIDING**  
**Liana Stroebel**  
▶ 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

**ONTWERP, UITLEG EN DRUK**  
**Infoworks**  
▶ 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



**PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:**  
**Afrikaans,**  
Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

**Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere**

**ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS**  
**Danie van den Berg**  
Vrystaat (Bloemfontein)  
▶ 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

**Johan Kriel**  
Vrystaat (Ladybrand)  
▶ 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za  
▶ Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

**Jerry Mithombothi**  
Mpumalanga (Nelspruit)  
▶ 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za  
▶ Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

**Naas Gouws**  
Mpumalanga (Belfast)  
▶ 072 736 7219 ◀ naas@grainsa.co.za

**Jurie Mentz**  
KwaZulu-Natal (Vryheid)  
▶ 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za  
▶ Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

**Ian Househam**  
Oos-Kaap (Kokstad)  
▶ 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za  
▶ Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

**Lawrence Luthango**  
Oos-Kaap (Mthatha)  
▶ 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za  
▶ Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

**Liana Stroebel**  
Wes-Kaap (Paarl)  
▶ 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za  
▶ Kantoor: 012 816 8057 ◀ Melercia Kotze

**Du Toit van der Westhuizen**  
Noordwes (Lichtenburg)  
▶ 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za  
▶ Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

**Vusi Ngesi**  
Eastern Cape (Maclear)  
▶ 079 034 4843 ◀ vusi@grainsa.co.za  
▶ Kantoor: 012 816 8070 ◀ Sally Constable

# Ons reis na 'n emosioneel gesonde nuwe jy

**O**ns reis na 'n emosioneel gesonde nuwe jy, begin met 'n blik op hoe konflik in jou lewe hanteer word en die invloed wat dit op jou het – hetsy by die huis en in die werkplek.

Sommige van ons is goed daarmee om te sê presies wat ons bedoel en om presies te verstaan wat ander sê, maar na my mening sukkel die meeste van ons met die proses om 'n boodskap oor te dra. En dit is presies wat kommunikasie is. Kommunikasie is eenvoudig die daad van die oordrag van inligting van een plek na die ander.

Ons gevoelens, uitdrukkings, gedagtes en idees word uitgebeeld deur ons woorde, maar die meeste van wat ons sê word deur ons lyftaal oorgedra en nie ons woorde nie.

Dit is dus belangrik om aandag te skenk aan lyftaal soos gesigsuitdrukkings, stemtoon, gebare, oogkontak en selfs houding. **Nie net is dit belangrik om te luister na WAT gesê word nie, maar ook HOE dit gesê word.** Vra jouself of die lyftaal pas by die woorde wat gespreek word. Neem egter altyd kulturele verskille in ag wat kan lei tot misverstande in terme van woorde en lyftaal.

Konflik kan gesien word as 'n argument of verskille wat deur woorde en dade voorkom. Daar is baie oorsake vir konflik in ons lewens, soos verskillende agtergronde, oortuigings en menings, moegheid en spanning, persoonlike probleme en die misbruik van mag, om maar net 'n paar te noem.

**Iemand het eenkeer gesê: "Jou vermoë om konflik te hanteer, sal bepaal of dit jou lewe verbeter of beheer."**

Wanneer konflik op 'n negatiewe manier hanteer word, kan dit lei tot probleme in alle

areas van jou lewe. Hoe jy konflik hanteer, word jou konflik bestuurstyl genoem.

**Ons hanteer gewoonlik konflik op die volgende wyse:**

- Onttrekking om die konflik te vermy, (niks bereik nie, niks verloor nie).
- Die ander party dwing om dinge op ons manier te doen met behulp van dreigemente of geweld. (Die sterk party wen, die ander een verloor).
- Deur dinge toe te smeer en saam met die ander party te stem (selfs indien ons nie saamstem nie) om ten alle koste goeie verhoudings te handhaaf. (Die party wat probeer om dinge uit te stryk verloor en die ander party wen).
- Om 'n kompromie te tref wat beide partye wat in die konflik betrokke is, te pas. (Dit is die sogenaamde "sommige wen jy, sommige verloor jy" benadering).
- Onderhandeling van 'n nuwe oplossing wat daarop gemik is om te verseker dat beide partye 'n goeie verhouding sal handhaaf en kompromie aan beide kante sal beperk. Dit kan natuurlik gesien word as die ideale situasie. (Wen-wen situasie).

Konflik, soos baie ander dinge in die lewe, moet onder beheer gehou word om opbouend te wees. Onthou hierdie woorde: "Konflik is soos 'n vuur. Dit kan jou warm hou en jou kos kook, maar indien dit buite beheer raak, kan dit jou huis afbrand." (Nortjé, 1994).

**Artikel verskaf deur Petra Nel van PROCARE. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [petra@procare.co.za](mailto:petra@procare.co.za) of kontak PROCARE by 0861 7762273 of 021 873 0532.**

## Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*"Challenges are what makes life interesting and overcoming them is what makes life meaningful."*

~ Joshua J. Marine

**HIERDIE PUBLIKASIE IS MOONTLIK GEMAAK DEUR DIE BYDRAE VAN DIE MELIETRUST**